3 MY FINANSIËLE RISIKO'S, BEHOEFTES EN DOELWITTE

3.1 WAT IS MY RISIKO'S?

Jou pakket moet belê word sonder om die bestaande risiko's wat elke huishouding bedreig, te vergeet. Daar moet gevolglik steeds voorsiening gemaak word vir sodanige huishoudelike en individuele risiko's. Hou bestaande voorsienings in stand en maak, indien finansieel moontlik, seker dat voorsiening getref word vir alle risiko's. Daar is onder meer die volgende risiko's (en moontlike voorsiening):

- verlies aan inkomste as gevolg van
  - dood ('n lewenspolis, groepversekering)
  - siekte (mediese versekering)
  - ongeskiktheid (ongeskiktheidsversekering)
- verlies aan eiendom
  - dood/brand (huis self, huisverband – korttermynversekering, lewenspolis)
  - motor (korttermynversekering)
  - huisinhoud (korttermynversekering)
- persoonlike aanspreeklikheid as gevolg van
  - huiseienaarskap (steek jou buurman se oog uit met jou visstok – korttermynversekering)
  - motoreienaarskap (beseer 'n voetganger met jou motor – korttermynversekering)

- wanpraktyke (skuldig aan iets wat as 'n wanpraktyk deur die wet beskou word – versekering wat regaanspreeklikheid dek)
- besigheidsrisiko's (besigheidsversekering word onder afdeling 4.3 bespreek)
- boedelbelasting (lewenspolis of trust met skenkings en lenings – sien afdeling 6.3)
- boedeladministrasiekoste (enige belegging)
- aftrede (langtermynbeleggings met kapitaalgroei)
- boedelbeplanning (sien afdeling 6.3)
- te veel skuld vanweë begeertes (gebruik skuld vir behoeftes en om bates met kapitaalgroei te bekom)
- inflasie (beleggings met kapitaalgroei; pas ook polisse aan vir inflasie)
- inkomstebelasting (pas belastingvermyding toe indien moontlik)
- voortdurend veranderende wetgewing (wees ingelig en raadpleeg 'n makelaar wat op hoogte van sake is)
- rentekoersrisiko (rentekoerse kan daal terwyl jy van 'n rente-inkomste afhanklik is vir jou voortbestaan – belê bv vir 'n tweejaar- vaste termyn)
- markrisiko (buitelandse markte kan verander en plaaslike aandeel- en effektetrustpryse laat daal)
- besigheidsrisiko (die bedryf waarin jy belê het is bv baie gevoelig vir 'n resessie)
- finansiële risiko (jy finansier bv jou besigheid met 95% skuld – jou rentekoste is hoog en gevolglik is jou paaiement baie hoog)
- valutarisiko (beleggers wat internasionaal belê is hieraan blootgestel asook persone wat in- of uitvoer)
- landrisiko (bv beleggings in polities onstabiele lande)
- gesondheidsrisiko (doen gesondheidsbeplanning as voorvereiste vir aftredebeplanning)

SELFVERSEKERING IS GEVAARLIK

Die maandelikse premies van korttermynversekering word reeds as deel van die huishoudelike begroting beskou. Dit beteken hoegenaamd nie dat die algemene publiek die betaling daarvan gelate moet aanvaar nie – of doen ons dit? Dit is ontstellend om te sien hoe premies jaarliks verhoog word, of daar geeïs word of nie.

Verder is dit onaanvaarbaar dat individue boonop jaarliks die dekking wat hulle ingevolge korttermynversekering het, moet verhoog. Doen hulle dit nie,

is hulle onderverseker, en sal hulle in die geval van 'n eis slegs op 'n gedeelte van die eis geregtig wees. Laasgenoemde word die awery-beginsel genoem. Net so word individue (polishouers) se maandelikse premies verhoog sodra hulle 'n eis instel.

ONS HET NET KOSTE

Voordat 'n motor verseker kan word, moet die enjinnommer (byvoorbeeld) eers op al die ruite aangebring word, en 'n alarm en/of ratslot geïnstalleer word. 'n Huis moet van diefwering, 'n hond of twee, 'n alarmstelsel gekoppel aan 'n reaksie-eenheid, veiligheidshekke en omheinings voorsien word.

Al dié voorskrifte kos die publiek baie geld voordat 'n aansoek om korttermynversekering, en later 'n moontlike eis vir skade, suksesvol ingedien kan word. Waarom so baie aan korttermynversekering bestee terwyl daar geen opbrengs daarop verkry word nie? Dié geld kan tog eerder in effektetrusts belê word of in 'n spaarrekening bly?

Sulke vrae word deesdae deur talle individue geopper in die hoop dat iemand hulle sal kan help.

Talle individue het korttermynversekering met 'n maandelikse premie van R300 of meer. Dié versekering dek die individu teen die nadelige gevolge van risiko's soos 'n brand, diefstal of 'n motorongeluk.

WAT IS 'N NOODFONDS?

'n Noodfonds behels die belegging van geld in 'n fonds sodat die geakkumuleerde bedrag beskikbaar sal wees in geval van 'n risiko-situasie. Die eienaar van die noodfonds moet op 'n gedissiplineerde wyse elke maand 'n premie in die fonds plaas. Hy of sy het volle beheer oor die aanwending van die fonds. Die doel van dié fonds is om self voorsiening vir toekomstige skade te tref.

Aannames vir 'n suksesvolle noodfonds:

- 'n Finansiële ramp soos motordiefstal, 'n motorongeluk of die afbrand van 'n gebou sal my nooit tref nie.
- As so 'n ramp wel plaasvind, sal die fonds groot genoeg wees om die skade daaraan verbonde te delg.
- Daar sal nie meer as een ramp kort na mekaar plaasvind nie.
- Geen ramp sal byvoorbeeld binne die eerste tien jaar plaasvind nie, en die fonds sal tyd kry om te groei (vanweë die beginsel van saamgestelde rente).

- Baie klein eise word self betaal sonder om aan die geld in die fonds te raak.

WAAROM 'N NOODFONDS SKEP?

Weens verskeie redes wil individue hul huis, meubels (huisinhoud) en motor self verseker deur die skepping van 'n noodfonds:

- Geen opbrengs word op die versekeringspremie verkry nie.
- Geld word weggegooi.
- Ekonomiese druk.
- 'n Huishoudelike begroting wat nie klop nie.
- 'n Oortrokke bankrekening.
- Te hoë premies.
- Individue eis nooit.
- Sodra geëis word, styg die premie.
- Werkloosheid.
- Die premie dek alle meubels (elke bed en kas) terwyl diewe slegs die TV, video-opnemer, ander tegniese toerusting, wapens en juweliersware steel.
- Premies styg met 15% per jaar.

SOORTE NOODFONDSE

- Individue kan eerstens al hul korttermynversekering staak en die premies in 'n noodfonds (spaarrekening) plaas.
- Tweedens kan gedeeltelike selfversekering plaasvind waar byvoorbeeld brandversekering vir die woonhuis en/of beperkte motorversekering aan die korttermynversekeraar oorgelaat word. In die geval van beperkte motorversekering beteken dit dat daar slegs versekering uitgeneem word vir skade aan iemand anders se motor.
- Derdens is dit moontlik om saam met vriende of familie 'n gemeenskaplike fonds te stig. Gesamentlike premies verhoog die bedrag in die fonds jaarliks tesame met die beginsel van saamgestelde rente. Daar moet egter skriftelik ooreengekom word oor die spesifieke voorwaardes van uitbetaling van eise. Dit is raadsaam om hier die hulp van 'n prokureur in te roep.

NADELE VAN 'N NOODFONDS

Die nadele van 'n noodfonds is talryk:

- Belasting moet op rente betaal word.
- Inflasie verminder die waarde van die noodfonds (afhangende van die tipe belegging).
- Die nabelaste rente in die noodfonds is te min om die noodfonds vinnig genoeg te laat groei.
- As 'n brand die woonhuis binne die eerste jaar verwoes, kan die individu gesekwestreer word met selfs nog 'n verband om te betaal.
- Dit neem byna 'n dekade van spaar om selfs net die gemiddelde huishouding se meubels te vervang.
- 'n Individu kan 'n weeldemotor stamp, waarna hy al sy besittings kan verloor.
- Twee of drie ongelukke (risikosituasies) kan in dieselfde jaar voorkom.
- Dit neem 'n leeftyd van spaar om 'n afgebrande huis te vervang (sou dit gepaard gaan met verskeie motorongelukke en diefstalle, sal die individu baie arm sterf en niks vir erfgename agterlaat nie).
- Besittings wat oor dertig of veertig jaar bymekaargemaak is, kan enige oomblik verloor word.
- Dit veroorsaak stres en 'n huishouding kan geensins met gemoedsrus gaan vakansie hou nie.
- Die risiko van so 'n noodfonds is hoër as die riskantste aandeel.
- Geen noodfonds kan byvoorbeeld vir diefstal naby plakkerkampe vergoed nie, wat nog van 'n huisbrand of 'n motorongeluk wat daarmee saam gaan.
- Die maandelikse inbetalings in die noodfonds moet jaarliks met die inflasiekoers verhoog word.
- Die noodfonds moet in enige stadium (selfs na een dag) groot genoeg wees om die verlies van die individu se huis, sy meubels en sy motor te kan dek.
- Politieke onrus is vandag 'n groter realiteit as ooit tevore en het al groot skade aan individuele eiendom veroorsaak.
- Vriende of familie kan sterf wat menslike verhoudings rondom die geld in die noodfonds kan bedreig.
- Dit is moontlik dat lede van 'n noodfonds gesekwestreer kan word.
- Individue kan skei met die gevolg dat een van die egliede kan eis om geld uit die noodfonds te onttrek. Net so kan die ander eglid weier om verder betalings aan die fonds te maak omdat hy of sy nie verder die ander eglid se bates wil verseker nie.
- Waar individue ook sake-eiendom het om te verseker is dit nog meer riskant

vanweë die groter waarskynlikheid van byvoorbeeld die afbrand van sulke geboue.
- Om self te verseker is net so riskant as om die premies van jou mediese fonds self of saam met 'n paar vriende of familielede in 'n noodfonds vir mediese uitgawes te belê.

SAMEVATTING

Die skepping van 'n noodfonds is hopeloos te riskant. Om al jou besittings te waag ten einde premies te bespaar is swak en gevaarlike persoonlike finansiële bestuur. Selfversekering deur middel van 'n noodfonds mag nooit plaasvind nie.

3.2 WAT IS MY FINANSIËLE BEHOEFTES?

Uit die vorige bespreking kan daar reeds finansiële behoeftes as gevolg van bepaalde risiko's bepaal word. Nadat bepaal is hoe groot 'n bepaalde risiko is, moet daar bepaal word hoe dikwels die risiko kan voorkom. Namate risiko's toe- en afneem, neem die finansiële behoeftes ook toe en af. Verder word finansiële behoeftes bepaal deur jou toekomstige doelwitte, soos ons in die volgende afdeling (3.3) sal sien.

Daar is verskillende tipes finansiële behoeftes, elk met eie kenmerke. Hierdie kenmerke bepaal grootliks die tipe finansiële produk (oftewel belegging) wat aangeskaf moet word (waarin belê moet word) ten einde die spesifieke behoefte te bevredig. Dit is ook moontlik om 'n kombinasie van finansiële behoeftes met 'n enkele produk te bevredig.

Finansiële behoeftes bestaan hoofsaaklik uit inkomste- en kapitaalbehoeftes. Inkomstebehoeftes ontstaan/bestaan tydens jou lewe asook in gevalle van werkloosheid, ongeskiktheid en siekte. Kapitaalbehoeftes ontstaan/bestaan meestal na jou dood in die vorm van verbandskuld, boedelbelasting en boedeladministrasie. Behoeftes sluit onder meer die volgende tipes in:

- tydelik (drie maande, twee jaar)
- permanent (boedelbelasting)
- toekomstig (skuld na jou dood)
- toenemend (aftredevoorsiening moet inflasie klop)
- afnemend (huisverband wat afneem)
- konstant (kos, klere)

Let veral op finansiële behoeftes wat tydens dood, ongeskiktheid en aftrede kan bestaan. Kyk veral hoe die voorsiening(s) vir behoeftes gekombineer kan word – die makelaar kan hier help. Onthou dat u kennis van u eie finansiële situasie die makelaar sal help om u te help.

3.3 MY PERSOONLIKE FINANSIËLE DOELWITTE

STAP 1

Voordat doelwitte bepaal kan word, met ander woorde waar jy wil heengaan (punt B), moet jy eers presies weet waar jy is (punt A – oftewel jou finansiële

situasie). 'n Voorvereiste vir enige belegging (veral jou pakket) is kennis omtrent onder meer die volgende:

- gesinsbesonderhede soos name
- ouderdomme
- huwelikstaat
- huweliksgoederebedeling
- finansiële state
- vaste bates
- roerende bates
- kontant
- ander beleggings soos polisse (kry 'n opsomming by alle instellings waar jy polisse het)
- dood- en ongeskiktheidsvoordele
- pensioenvoordele
- groepvoordele
- verwagte erfporsies
- huidige en potensiële bronne van inkomste

Maak seker dat jy kennis dra van jou risikoprofiel (die hoeveelheid risiko wat jy bereid is om te aanvaar en vir watter opbrengs op watter tipe belegging). Jou politieke en ekonomiese siening van die land is ook belangrik.

In hoofstuk 5 word beleggingstrategieë op verskillende ouderdomme oor die lewensiklus van die mens bespreek. Soos jy sal sien, belê jonger persone meer riskant en ouer persone al hoe minder riskant.

Min risiko (belê nie-riskant)

	60 plus	
	50–60	
Ouderdom	40–50	Gemiddelde risiko
	30–40	
	20–30	

Baie risiko (belê baie riskant)

Net soos ons beleggingsprodukte as riskant en nie-riskant kan groepeer, net so behoort ons ook binne 'n bepaalde produk ons risiko te versprei. Kom ons neem effektetrusts as voorbeeld.



Ons kan byvoorbeeld in 'n gekoppelde produk belê en ons risiko verder versprei deur ons belegging in drie dele te belê, naamlik konserwatief (50%); hoë risiko (25%); en buitelands (25%). Rentekoers-, ekonomiese en politieke veranderinge sal ons belegging dan minder negatief kan beïnvloed omdat ons risiko versprei is. Ons het dus nie ons totale belegging in hoërisiko-aandele belê nie. Sou die beurs val, is 75% van ons belegging betreklik goed daarteen beskerm. Laer risiko sal meestal ook 'n laer opbrengs beteken.

STAP 2

Nou moet jou huidige finansiële situasie met jou geïdentifiseerde finansiële behoeftes vergelyk word. Daardie finansiële behoeftes waarin jy nog nie voorsien het vir die kort, medium en lang termyn nie, word nou jou kort-, medium- en langtermyndoelwitte.

Jy kan byvoorbeeld die volgende finansiële behoeftes identifiseer:

- kinders – studiekoste en skuld
- oortrokke bankrekening
- kredietkaartskuld
- baie groot Edgars-, Woolworths- en ander rekeninge
- korttermynlening by familielid
- 'n knie-operasie wat reeds lank uitgestel word
- motorskuld
- 'n huisverband

- onvoldoende lewensonderhoud
- onvoldoende aftreevoorsiening

STAP 3

Bepaal jou eie kort-, medium- en langtermyndoelwitte.

Onthou, ons praat nou hier van doelwitte tydens die belegging van jou pakket. Jy sal opmerk dat onmiddellike doelwitte die stel en verwesenliking van kort-, medium- en langtermyndoelwitte voorafgaan.

Onmiddellike doelwitte
Vereffen alle skuld • studieskuld • oortrokke bankrekening • kredietkaart • klere- en ander rekeninge • lening – familielid • motor • huisverband
Korttermyndoelwitte
• Studiefonds vir kinders • Begin 'n nuwe loopbaan om lewensonderhoud aan te vul • Open 'n Suid-Afrikaanse buitelandse bankrekening vir elke kind
Mediumtermyndoelwitte
• Skep 'n belegging vir elke kind vir deposito op eie huis • Begin 'n beleggingsportefeulje vir elke kind • Koop 'n tweede eiendom uit tweede loopbaan • Stig 'n trust vir elke kind • Gaan vir knie-operasie gedurende volgende loopbaan
Langtermyndoelwitte
• Vul aftreevoorsiening (jou pakket) aan • Tree af op ouderdom 60 (of 55) • Reis twee maande van die jaar • Koop 'n vakansie-eiendom

Bepaal jou eie kort-, medium- en langtermyndoelwitte.

STAP 4

Nou moet daar bepaalde beleggings gemaak word ten einde laasgenoemde doelwitte te bereik. Raadpleeg gevolglik nou die instelling en makelaar en implementeer jou eie unieke plan van aksie om jou doelwitte te bereik.

Skuld, lenings en rekenings word gevolglik eerste met jou pakketgeld betaal, terwyl die res van die pakket byvoorbeeld in 'n gestruktureerde fonds belê word. Sekere verdere beleggings word gevolglik vanuit jou volgende loopbaaninkomste gemaak, onder meer:

- Belê geld vir elke kind in 'n Suid-Afrikaanse buitelandse bankrekening.
- Belê in effektetrusts vir elke kind se huisdeposito.

Let daarop dat daar nie vir almal 'n volgende loopbaan is nie, met die gevolg dat die pakket vir basies alle doelwitte aangewend en belê moet word. Net so sal baie min persone wat 'n pakket ontvang byvoorbeeld nog doelwitte vir en van hul kinders sal kan help bereik. Die bereiking van eie langtermyndoelwitte (hoofsaaklik rondom finansiële onafhanklikheid ná aftrede) sal egter van sowel die grootte van die pakket as die doeltreffende belegging daarvan afhang.